basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE ASSESSERING
VOORBEELD VRAESTEL
2023

GRAAD 9

Vak: Skeppende Kunste

Vraestel: Drama

Punte: 50

Tyd: 60 minute
15 minute leestyd **uitgesluit**

VOORBEELD VRAESTEL

Die toets bestaan uit 13 bladsye uitgesluit die voorblad.

Instruksies aan die leerder

1. Jy sal 15 minute leestyd ontvang voordat jy hierdie toets moet begin beantwoord.
2. Lees al die instruksies en vrae aandagtig deur.
3. Beantwoord al die vrae.
4. Skryf al jou antwoorde op die antwoordblad.

Die toets begin op die volgende bladsy.

VOORBEELDVRAESTEL

Moenie hierdie bladsy omblaai voordat jy aangesê word om dit te doen nie.

AFDELING A

Vraag 1

Kies die korrekte antwoord uit die opsies gegee. Skryf slegs die regte letter neer.

1.1 Wanneer is die beste tyd vir akteurs om asemhalingsoefeninge te doen?

A elke dag as deel van hulle opwarmingsroetine
B op die verhoog terwyl hulle optree
C slegs tydens repetisies
D tydens pouse (1)

1.2 Hoe kan akteurs hul artikulasievaardighede verbeter?

A om in 'n eentonige stem te praat
B dear tongdraaiers en vokale oefeninge te doen
C om baie vinnig te praat
D om baie sag te praat (1)

1.3 Beskryf wat ‘toon’ in drama beteken.

A die houding van die gehoor teenoor die opvoering
B die manier waarop die beligting op die verhoog gestel is
C die tipe musiek wat in 'n opvoering gebruik word
D die manier waarop die akteurs praat en hul emosies oordra (1)

1.4 Wat is ’n ‘neutrale postuur’ in drama?

A ’n postuur wat vry van spanning is en wat 'n bepaalde persoonlikheid weerspieël
B ’n postuur wat spanning het en nie 'n bepaalde persoonlikheid weerspieël nie
C ’n postuur wat spanning het en 'n spesifieke persoonlikheid weerspieël
D ’n postuur wat vry van spanning is en wat nie 'n bepaalde persoonlikheid weerspieël nie (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.5 Hoekom gebruik ons ’n neutrale posisie in drama?

A om woede of frustrasie te wys
B om hartseer of rou te toon
C om geluk en vreugde te wys
D om kalmte en gereedheid te toon (1)

1.6 Verduidelik die doel van losmaakoefeninge in drama.

A om bloedsirkulasie en asemhaling te verbeter
B om fisiese gemak te verbeter en die risiko van beserings te verminder
C om toegang tot emosionele omvang te verkry en asemhaling te verhoog
D om die stem te projekteer en die risiko van beserings te verminder (1)

1.7 Watter van die volgende is 'n oefening om vertroue te bou.

A blind en lei
B lei en volg
C wegkruip en soek
D roep en antwoord (1)

1.8 Wat is 'n doel van oefeninge waar vertroue deur val gebou word (‘trust-fall’)?

A om vertroue tussen akteurs op te bou
B om 'n akteur se krag en buigsaamheid te toets
C om fisiese toneelspelvaardighede te oefen
D om akteurs te leer hoe om veilig te val (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.9 Hoekom is oefeninge om vertroue te bou so belangrik in drama?

A Hulle skep 'n veilige en ondersteunende omgewing vir akteurs om in te werk.
B Hulle help akteurs om hul tegniese vaardighede te ontwikkel.
C Hulle help akteurs om meer selfvertroue op die verhoog te ontwikkel.
D Hulle leer akteurs hoe om met rekwisiete en kostuums te werk. (1)

Gebruik hierdie prent om vrae 1.10 tot 1.13 te beantwoord.

[Bron:https://dramacollingwood.wordpress.com/ks3-drama-2/year-7-drama/year-7-term-1b-mime and-mirroring/]

1.10 Wat word deur die prent hierbo verteenwoordig?

A toneelspel
B mimiek
C natural gestures
D tragedy (1)

1.11 Wat noem ons dit om saam met 'n maat te werk en beurte te maak om mekaar se weerkaatsing te word?

A mimiek
B weerspieëling
C mimiekkunstenaar
D poppekas opvoering (1)

VOORBEELDVRAESTEL

1.12 Wat word toneelspel sonder woorde genoem?

A spieëlbeelding
B mimiekkunstenaar
C mimiek
D handgebare (1)

1.13 Om jou eie emosies en gedagtes deur selfrefleksietegnieke op die verhoog te verken word ... genoem.

A spieëlbeelding
B dramatiese werk
C selfrefleksie
D mimiek (1)

1.14 Wanneer ouers 'n dwelmbewustheidsgroep bestuur ...

A lig hulle die gemeenskap in.
B skep hulle die gemeenskap.
C mobiliseer hulle die gemeenskap.
D vermaak hulle die gemeenskap. (1)

1.15 Wanneer 'n gehoor van alle ouderdomme lag en hulself geniet, is hulle ...

A ingelig.
B opgevoed.
C gemobiliseerd.
D vermaak. (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.16 Wanneer 'n groep Graad 8-leerders leer oor die voor- en nadele van verstedeliking, word hulle ...

A ingelig.
B opgevoed.
C gemobiliseer.
D geïnspireer. (1)

1.17 Wanneer 'n groep arbeiders 'n staking organiseer nadat hulle by die werk onregverdig behandel is, …

A lig hulle hulself in.
B voed hulle hulself op.
C mobiliseer hulle hulself.
D prikkel hulle hul gedagtes. (1)

1.18 Watter van die volgende stellings is die beste beskrywing van 'n teikengehoor?

A die mense wat in die toneelstuk optree
B die mense wat die stelle en kostuums ontwerp
C die mense vir wie die toneelstuk opgevoer word
D die mense wat kritici is en die toneelstuk resenseer (1)

1.19 Wie kan die teikengehoor vir 'n politieke drama wees?

A kinders tussen 6-8 jaar
B mense wat van politiek hou
C skoolgaande kinders
D families (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.20 Hoe kan jy basiese opvoeringskonvensies beskryf?

A Dit is die opvoerruimte.
B Dit is reëls wat deur die gehoor gevolg moet word.
C Dit is die algemeen aanvaarde reëls van die verhoog of die opvoeringsarea.
D Dit is die algemeen aanvaarde reëls van drama. (1)

1.21 Wat is die tipe verhoog waar die toneelspelruimte aan drie kante deur die gehoor omring word?

A ronde arena-verhoog
B proscenium-verhoog
C open stage
D opelugteater (1)

1.22 Hoe kan jy rekwisiete in drama beskryf?

A kostuums gedra deur akteurs op die verhoog
B verhooginkleding en stelontwerpe
C beweegbare voorwerpe op die verhoog
D beligting en spesiale effekte op die verhoog (1)

1.23 Wat is die doel van rekwisiete in 'n toneelstuk?

A om agtergrondmusiek te verskaf
B om die stemming of die atmosfeer te skep
C om as afleiding vir die gehoor te dien
D om die opvoering van die akteurs te verbeter (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.24 Wat noem ons die prakryk van skep, opmaak en opvoer met min of geen voorbereiding?

A toneelspel
B opvoering
C karakterisering
D improvisasie (1)

1.25 Wat word bedoel met 'n geïmproviseerde drama?

A ’n toneelstuk wat gerepeteer en geskryf word
B ’n toneelstuk wat net een keer opgevoer word
C ’n toneelstuk wat met deeglike voorbereiding op radio opgevoer word
D ’n toneelstuk wat onbepland, ongeoefend of opgemaakte drama is (1)

1.26 Wat is verskeie kommunikasiemiddele wat gebruik word om 'n groot gehoor te bereik en te beïnvloed?

A bioskoop
B media
C teater
- D film (1)

1.27 Watter van die volgende beskryf toneelwerk die beste?

A om aan een toneel in 'n groter drama te werk
B ’n selfhoudende storie wat in een episode begin en eindig
C ’n storievertel-tegniek wat aan die einde van die episode gebruik word
D 'n storie wat oor baie episodes uitgesaai word (1)

1.28 Hoe kan jy ‘verfilming’ die beste definieer?

VOORBEELD VRAESTEL

A 'n bewegende beeld met klank wat 'n storie opmaak

B 'n bewegende beeld wat op 'n skerm vertoon word, gewoonlik sonder klank, waaruit 'n storie bestaan

C 'n reeks bewegende beelde wat op 'n skerm vertoon word, gewoonlik met klank, wat 'n storie maak

D 'n telekommunikasiemedium vir die oordrag van bewegende beelde en klank (1)

1.29 Wat noem ons 'n stelsel wat visuele beelde met klank in elektroniese seine omskakel, dit per radio of ander maniere uitsaai en dit elektronies op 'n skerm vertoon?

A radio

B televisie

C teater

D bioskoop (1)

1.30 Watter stelling beskryf radiodrama die beste?

A 'n toneelstuk wat hardop aan 'n gehoor gelees word

B ’n toneelstuk wat op die verhoog met akteurs en rekwisiete opgevoer word

C 'n toneelstuk wat oor die radio opgevoer word deur klankeffekte te gebruik

D 'n toneelstuk wat in die ouditorium opgevoer is (1)

1.31 Wat is die kragtigste instrumente wat in radiodrama gebruik word om met die gehoor te kommunikeer?

A musiek en rekwisiete

B beligting en musiek

C stem en musiek

D kostuums en musiek (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.32 Wat is teksanalise in drama?

A die ontleding van slegs die teks, karakters en styl
B die bondersoek van die teks om 'n beter begrip van die skrywer se boodskap, styl of selfs die karakters te kry
C die ontleding van die tegniese elemente, teks, karakters en styl
D die ontleding van die herbewoorde boodskap van slegs die skrywer en die karakter (1)

1.33 Watter van die volgende beskryf karakterontwikkeling in drama die beste?

A die proses om ‘n goeie of slegte karakter uit te beeld
B die skep van 'n karakter en hoe die karakter deur die storie ontwikkel
C die manier waarop 'n karakter die persoonlikheid en eienskappe van 'n ander karakter waarneem
D die manier waarop 'n karakter in wisselwerking met ander karakters op die verhoog optree (1)

1.34 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n karakter se hartseer toon?

A 'n karakter wat op 'n treurige wyse praat
B 'n karakter wat op 'n lighartige manier praat
C 'n karakter wat op 'n konfronterende wyse praat
D 'n karakter wat op ‘n sarkastiese wyse praat (1)

1.35 Wat is die doel van die gebruik van gesigsuitdrukking in drama?

A om die gehoor se aandag af te lei
B om emosies en gevoelens oor te dra
C om die akteurs interessant te laat lyk
D om die gehoor te laat lag (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.36 Wat behels die gebruik van die hele verhoog of dele daarvan, of dit nou deur die vierde muur, tersyde (‘an aside’) of monoloog is?

A monoloog
B verhoogruimte
C bewegingspatrone
D blokkeer?? (1)

1.37 Waarna verwys ‘monoloog’?

A 'n toespraak deur twee mense
B 'n kort verklaring wat deur die gehoor gemaak is
C 'n toespraak deur 'n enkele karakter, gewoonlik om gedagtes hardop uit te druk
D 'n lied wat deur een persoon gesing is (1)

1.38 Wat noem ons die proses om akteurs op die verhoog te plaas om.

A blokkeer
B simbole
C moduleer
D projekteer (1)

1.39 Waarom is kritiese besinning belangrik in drama?

A Dit stel akteurs in staat om met hul opvoerings te spog.
B Dit ontleed en evalueer jou eie opvoering en die opvoerings van ander.
C Dit is 'n mors van tyd en moet vermy word.
D Dit help akteurs om hulle opvoering te verbeter en hul vaardighede te ontwikkel. (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.40 Hoe kan akteurs betrokke raak by kritiese refleksie?

A deur enige terugvoer wat aan hulle gegee word, af te wys
B deur alle kritiek en terugvoer te vermy
C deur opnames van hul eie optredes te kyk en dit te ontleed
D deur die gehoor se reaksie op hul optrede te ignoreer (1)

[40]

VOORBEELD VRAESTEL

AFDELING B

Vraag 2

2.1 Verduidelik die begrip 'lei en volg'. (1)

2.2 Wanneer jy 'n woedende karakter uitbeeld, hoe sal jy jou liggaam gebruik om 'n stemming voor te stel? (1)

2.3 Hoe word 'n mens oortuig dat iemand wat 'n kwaai karakter uitbeeld, emosioneel met die karakter verbind het? (1)

2.4 Noem **EEN** tegniese element wat in 'n toneelstuk ingesluit kan word. (1)

2.5 Teken 'n arenaverhoog en plaas jou gehoor daarvolgens. (3)

2.6 Noem **EEN** voordeel en **EEN** nadeel van televisie. (2)

2.7 Hoe beïnvloed teater ons lewens? (1)

[10]

VOORBEELD VRAESTEL

Einde van toets

VOORBEELD VRAESTEL